NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 37
25 September 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Die belangrikheid van ledigheid

**Ek onthou baie goed hoe ek as kind na my ma toe gegaan het en gesê het: *Ek weet nie wat om te doen nie. Ek is verveeld* – net om te hoor dat ek myself moet besig hou en sommer op die koop toe dat ledigheid die duiwel se oorkussing is. En tot vandag toe is verveeldheid vir my ’n nare emosie om te voel. Die meeste mense sal alles in hul vermoë doen om daardie ongemaklike gevoel te vermy.**

Daar is egter navorsing wat wys dat die gevoel van verveeldheid, wat 300 jaar gelede eintlik ongekend was, dramaties toegeneem het in die wêreld – veral sedert die jaar 2000, en dit in ’n tyd waarin daar meer inligting en meer afleiding en meer vermaak beskikbaar is as ooit tevore in die menslike geskiedenis.

Die resultate van ’n studie by die Harvard Besigheidskool het uitgewys hoe belangrik dit vir ons geestesgesondheid is om soms verveeld te wees. Daar is bevind dat wanneer jy verveeld is, word ’n deel van jou brein wat jy andersins nie gebruik nie, aangeskakel; dit is die deel wat genoem word die *Default Mode Network*. Daardie deel skakel net aan as jy in ’n wakker rustoestand is sonder iets wat jou aandag besig hou, en dis alleen dan dat jy selfrefleksie kan doen, dat jy jou verbeelding kan gebruik, dat jy kan droom en vrae oor die sin en betekenis van jou lewe kan vra.

Ongelukkig het ons die perfekte resep gekry om al daardie ongemaklike vrae te vermy, en dis om te probeer keer dat ons ooit verveeld is. Die resep is waarskynlik op die oomblik in jou hand- of broeksak – jou selfoon. Ons probeer enige vorm van verveeldheid elimineer en ons skakel ons *Default Mode Network* af deur konstant inligting of die een of ander stimulus in ons brein te laat invloei. In die proses verval ons in ’n negatiewe spiraal terwyl ons probeer om nie verveeld te wees nie, maar al hoe meer verveeld voel; ’n spiraal waar dit vir ons al moeiliker word om betekenis in ons lewens te vind omdat ons die denkproses wat ons kan help om betekenis en sin vir ons te gee, uit ons lewe sny. Ons voel so oorweldig en buite beheer dat ons onsself verdoof deur op ons foon met nietighede besig te bly, want ten minste hoef ons dan nie die moeilike vrae van die lewe te antwoord nie. Ons fone maak dat ons enige goeie gevolg van verveeldheid saboteer.

Die navorsing wys dat as ons in die *Default Mode Network* funksioneer, ons ons beste idees kry en kreatiewe oplossings vind; dis waar ons terugdink en onthou, maar ook vorentoe kyk en droom. Die hartseer is egter dat mense gemiddeld agt uur 39 minute van hul vrye tyd per dag gebruik om na die een of ander skerm te staar – net om nie niks te hê om te doen nie en nie die ongemaklike gevoel van verveeldheid te beleef nie.

Hierdie hele betoog is nie ’n manier om luiheid op te hemel nie, maar ’n poging om te besef dat ons elkeen genoeg tyd nodig het om die werklik belangrike vrae aan onsself te vra. Daarvoor het ons tyd nodig sonder enige sinlose video’tjies van katjies wat dans en babatjies wat praat. Gun jouself daardie skermvrye tyd elke dag sodat jy ’n wesenlike, Godgegewe deel van jouself kan herontdek.

**Ds Hannes van der Merwe, Pretoria-Oos**

